A101

[101]

**AFRIKAANSE HANDELSINSTITUUT**
AHI
(Reg. No. 05/15580/0
(Vereniging ingelyf kragtens Art 21)
Lynnwood Galleries
Eerste Vloer
Rosemaryweg 354
Lynnwood 0081
POSBUS 1741
PRETORIA 0001
Telefoon (012) 47-6162
Telefaks (012) 47-7720
Int 27 (12) 476162

**FAKS / FAX**

Technical Committee on Constitutional Matters

AAN / TO : ~~MNR FRANS DU PREEZ~~

MPY / CO : TEGNIESE KOMITEE RAKENDE KONSTITUSIONELE AANGELEENTHEDE

VAN / FROM : PROF J POOLMAN

DATUM / DATE : 93.07.16

FAKSNR / FAX NO : 011/397-2211

**BOODSKAP / MESSAGE:**

Mnr Frans du Preez

Kan u asseblief vir my hierdie dokument op die regte plek besorg.

Baie dankie

J POOLMAN
UITVOERENDE DIREKTEUR

AANTAL BLADSYE OM TE VERSEND : 6
INSLUITEND OMSLAG)
UMBER OF PAGES TO BE TRANSMITTED :
INCLUDING COVER PAGE)

KONTAK ASB AFSENDER INDIEN AL DIE BLADSYE NIE ONTVANG IS NIE / PLEASE CONTACT SENDER IMMEDIATELY, SHOULD ALL PAGES NOT BE RECEIVED

TEL. : 012 / 47-6162

DIREKTEURE:
G.G. Huysamer
(President)
P.A. Olivier
(Vise-President)
C.H.H. Scheepers
(Voorsitter)
W.R. Scheffler
(Vise Voorsitter)

UITVOERENDE DIREKTEUR:
Prof. J. Poolman

1268

## EKONOMIESE BESTEL VIR SUID-AFRIKA IN 'N NUWE BEDELING

(Reg. No. 05/15580/08)
(Vereniging ingelyf kragtens Art 21)

Lynnwood Galleries
Eerste Vloer
Rosemaryweg 354
Lynnwood 0081

POSBUS 1741
PRETORIA 0001

Telefoon (012) 47-6162
Telefaks (012) 47-7720
Int 27 (12) 476162

Die AHI het kennis geneem van die grondwetlike beginsels wat deur die Onderhandelingsraad aanvaar is wat die raamwerk sal vorm waarbinne 'n tussentydse grondwet deur die huidige onderhandelingsproses opgestel moet word. Daar is voorts daarvan kennis geneem dat dit ook die riglyne is vir 'n toekomstige verkose grondwetgewende liggaam wat 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika moet finaliseer. Dit val op dat terwyl in die beginsels voorsiening daarvoor gemaak word dat "vakbonde se regte en die reg van kollektiewe bedinging erken moet word", daar geen verwysing bestaan na werkgewerregte, die vryemarkstelsel, die reg op private besit of selfs die nodigheid van kwantum verbeterings in produktiwiteitprestasies nie. Die AHI wil gevolglik ernstig vertoë rig dat vir sover daar nie op 'n ander wyse vir hierdie aspekte voorsiening gemaak word nie, in die opstel van die tussentydse grondwet aan hierdie aspekte aandag geskenk sal word.

Ons is daarvan bewus dat in die Regeringsvoorstelle oor 'n handves van fundamentele regte voorsiening gemaak word vir aangeleenthede soos die reg van die individu om aan die ekonomiese verkeer deel te neem, die reg om roerende en onroerende eiendom te verkry en te besit en ook in die geval van onteiening, behoorlike vergoeding daarvoor sal geskied, die regte van werknemers en die regte van werkgewers. Die IVP se voorgestelde handves van menseregte maak op sy beurt uitdruklik daarvoor voorsiening dat "The right to free economic initiative and enterprise shall be protected and encouraged by the State" en dat "Private property shall be guaranteed and protected." Ons is egter onseker oor die status van hierdie voorstelle en of daar in die tussentydse grondwet hiervoor voorsiening gemaak gaan word. Selfs al word daarvoor voorsiening gemaak, ag ons hierdie aspekte so belangrik dat ons verplig voel om, al is dit by herhaling, die aandag op die noodsaak dat daarvoor voorsiening gemaak word, onder u aandag te bring.

DIREKTEURE:
G.G. Huysamer
(President)
P.A. Olivier
(Vise-President)
C.H.H. Scheepers
(Voorsitter)
W.R. Scheffler
(Vise Voorsitter)

UITVOERENDE
DIREKTEUR:
Prof. J. Poolman

1269



Extended Page

ten opsigte van definisie ondervind mag word, wil die AHI dit onomwonde stel dat hy ten gunste is van 'n ekonomiese stelsel wat funksioneer op die basis van die markmeganisme, met erkenning van privaat eiendomsreg en die vrye reg van kontraktering. Dit beteken egter nie dat kollektiewe besit, insoverre dit tans reeds in Suid-Afrika bestaan na die mening van die AHI noodwendig geprivatiseer moet word nie. Die Instituut sien privaat eiendomsreg egter as noodwendig saamhangend met die effektiewe werking van die markmeganisme en glo dus dat privaat eiendomsbesit wel dominant moet wees in die ekonomiese stelsel van die Nuwe Suid-Afrika. Bostaande beteken ook nie dat die owerheid geen rol te speel het nie. Die AHI sien hierdie rol egter hoofsaaklik as reguleerder van ekonomiese aktiwiteit, waardeur 'n gesonde klimaat vir ekonomiese stabiliteit en groei geskep word liewer dan as deelnemer of operateur.

Afgesien van die handhawing van wet en orde ('n basiese voorvereiste vir ekonomiese welvaart onder enige tipe van ekonomiese stelsel) en die daarstelling van meganismes vir die afdwing van kontrakte wat aangegaan is, word egter wel aanvaar dat Suid-Afrika se ekonomiese stelsel ook in die Nuwe Suid-Afrika 'n gemengde karakter sal hê. Daar sal nog steeds owerheidsdeelname aan ekonomiese aktiwiteit wees en waarskynlik sal sekere basiese dienste nog steeds deur staats- en semi-staatskorporasies, of deur privaat-monopolieë onder toesig van die owerheid, gelewer word. Die presiese verdeling tussen privaatsektor en openbare sektor ten opsigte van hierdie basiese dienslewering is nie 'n beginselsaak nie, maar eerder iets wat op 'n pragmatiese wyse benader moet word mits die ekonomiese stelsel as geheel duidelik oorwegend privaatsektor-georiënteerd is. Die



DIE AFRIKAANSE HANDELSINSTITUUT
AHI
1270
Extended Page

sektor sal waarskynlik nog steeds onderskei kan word in 'n gedeelte wat 'n markekonomie is en 'n ander deel wat grootliks 'n bestaansekonomie is.

Dit word ook aanvaar dat die "bemarking" van die gedagtes rakende die markmeganisme onmoontlik sal wees indien daar nie terselfdertyd opgetree word om die huidige ongelyke verdeling van inkomste en rykdom in Suid-Afrika aan te spreek nie. Dit moet egter op so 'n wyse gedoen word dat die aansporing om te werk, te spaar en nuwe ondernemings te begin nie sodanig geskaad word dat die optrede met die oog op herverdeling lei tot die opoffering van welvaart nie.

Gegewe die realiteite van die Suid-Afrikaanse politieke situasie aanvaar die AHI egter dat hierdie proses van evolusionêre gelykmaking nie vinnig genoeg sal plaasvind om polities aanvaarbaar te wees vir die meeste Suid-Afrikaners nie, en dus ook nie vinnig genoeg sal wees om beduidende steun uit hulle geledere te verkry vir die tipe van ekonomiese stelsel wat die AHI voorstaan nie. Met die oog hierop is dit nodig dat daar, addisioneel tot die versekering van gelyke ekonomiese geleentheid vir alle rassegroepe (insluitende gelyke owerheidsbesteding aan onderwys en opleiding per skolier of student vir die verskillende rassegroepe), maatreëls getref sal moet word om agtergeblewe Suid-Afrikaners se welvaartspeil vinniger op te stoot as wat hierdie evolusionêre proses sal meebring. Op logiese gronde is dit waar dat die behoefte aan verbetering van die sosio-ekonomiese posisie van die meerderheid Suid-Afrikaners as 'n onmiddellike prioriteit, iets anders is as die aard van die toekomstige ekonomiese



Hoewel daar wat die vryemarkstelsel aanbetref 'n probleem

Extended Page

1271

nog meer daadwerklike pogings aangewend word om bv. die agtergeblewe deel van die bevolking as individue en deur hulle instellings aandeelhoudings in maatskappye te laat bekom, sodat hulle direk in winste kan deel. Dit is die AHI se standpunt dat dringende aandag aan hierdie probleem gegee moet word indien dit vir Suid-Afrika erns is om 'n gesonde ekonomiese onderbou te skep vir enige nuwe konstitusionele bedeling waarop uiteindelik besluit mag word.

Die AHI onderskryf die basiese werkerregte wat die regering kragtens die Wiehahn-kommissie se aanbevelings aanvaar het as grondliggend tot gesonde arbeidsverhoudinge. Die betekenis van hierdie regte moet egter binne die raamwerk van 'n markgerigte ekonomie as grondslag vir ekonomiese groei en werkskepping verstaan word. Dit behels onder meer dat erkenning van die reg om te werk nie 'n waarborg vir volle indiensneming is nie maar wel die reg van elke werker om sy arbeid onbelemmerd in die arbeidsmark aan te bied. Verder beskou die AHI dit wesenlik tot 'n lewenskragtige ekonomie dat hierdie werkerregte in balans moet wees met die reg van die werkgewer om sy onderneming so doeltreffend moontlik ooreenkomstig markomstandighede te bedryf. In laasgenoemde situasie sal veranderings in loonpeile - na mening van die AHI - onvermydelik sterk onderskraag moet word deur veranderings in produktiwiteit. Die AHI is van mening dat hierdie noodsaaklike balans ten beste bereik word waar die billikheidsbeginsel deur werkgewers en werknemers in hulle onderlinge arbeidspraktyke eerbiedig word. Dit is dus gewens dat die owerheid sodanige gedrag aanmoedig deur die nodige arbeidswetgewing. Die AHI is egter oortuig dat gesonde arbeidsverhoudinge grootliks berus op direkte onderhandeling tussen werkgewer en werk-



Die ekonomie sal ook gemeng wees in die sin dat daar formele en informele sektore sal wees en die informele sektor sal waarskynlik nog steeds onderskei kan word in 'n

Extended Page

1272

16 JULIE 1993

**J POOLMAN**

**UITVOERENDE DIREKTEUR**

**JOHAN ROSSOUW**

**BESTUURDER: EKONOMIES EN FINANSIEEL**



stelsel vir die Nuwe Suid-Afrika. Ten einde steun onder alle Suid-Afrikaners vir die gewenste tipe van toekomstige ekonomiese stelsel te kry, meen die AHI egter dat die twee sake gesamentlik gesien moet word. Dit lyk ook nodig dat

nemer en nie op regspleging nie. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n omgewing en klimaat geskep word waar die hoogste mate van self-regulering van die verhouding tussen werkgewer en werknemer aan hulself oorgelaat word.

Extended Page

1274